
RAPPORT, Loopbane 24
17 Feb 2013, p.3

BOEDELBELASTING

# Vergewis jou van feite as trusts ter sprake is



**RAAD MET JOU RANDE**

NICO VAN GIJSEN

Ek wil vandag stilstaan by versekering in jou onderneming en veral by die boedelbelastinggevolge van polisse waar trusts ter sprake is.

Trusts, die sogenaamde familietrust, het oor die afgelope jare 'n baie gewilde boedelbeplanningsinstrument geword. Ongelukkig sien baie die oprigting van trusts as 'n geldmaak-geleentheid en in die grootskeepse smousery met trusts het die feite vervaag en mites al hoe sterker begin glinster.

Die eerste wat ek wil bespreek, is die boedelbelastinggevolge van 'n polis wat deur 'n familietrust gehou word. Die storie is dat so 'n polis nie vatbaar is vir boedelbelasting nie. Dit is verkeerd.

Alle polisse op jou lewe wat in Suid-Afrika uitgereik is en hier uitbetaal, val in jou boedel as 'n geagte bate en dit is onderhewig aan boedelbelasting.

'n Geagte bate beteken dat dit nie werklik 'n bate is nie, maar die reg ag dit 'n bate te wees vir die doel van die berekening van boedelbelasting. Dit maak nie saak aan wie die polis uitbetaal nie, 'n familietrust of aan 'n begunstigde, dit is vatbaar vir boedelbelasting. Normaalweg sal die begunstigde die belasting moet betaal.

Ons het onlangs 'n geval gehad waar dié mite nog verder gevoer is. Nie net sou die polis in trust vrygestel wees van boedelbelasting nie, die opbrengs moes deur die trust aangewend word om die boedelbelasting wat deur die oorledene se boedel geskep word, te betaal.

By nadere ondersoek blyk dit toe dat die kliënt nie in die trustakte as kapitaalbegunstigde aangewys is nie, dus sou 'n betaling van boedelbelasting nie gedoen kon word nie.

'n Punt wat ek wil aanraak, is die kwessie van koop-en-verkoop-polisse waar 'n trust ter sprake is. Hoewel alle polisse op jou lewe vatbaar is vir boedelbelasting is daar drie uitsonderings. Hulle is: 'n polis wat deel uitmaak van 'n huweliksvoorwaardekontrak, 'n polis wat aan 'n derde persoon (met voorbehoude) uitbetaal (sogenaamde sleutelpersoonversekering) en polisse om te voorsien vir die koop van 'n oorlede vennoot se belang in 'n onderneming.

Kom ons kyk na laasgenoemde, die koop-en-verkoop-polis. Die belangrike vereiste om die polis vry van boedelbelasting te maak, is dat die polis uitgeneem moes gewees het deur individue wat vennote is.

Die ander vereiste is dat die oorledene nie enige van die premies betaal het nie.

Byvoorbeeld, A en B is vennote (dit sluit ook in lede van beslote korporasies, of aandeelhouers in maatskappye) en neem polisse op mekaar se lewe ten einde die oorlewende in staat te stel om die oorledene se aandeel uit te koop. Reg gedoen is dit vry van boedelbelasting.

Maar wat gebeur as die ander aandeelhouer 'n trust is? Kom ons sê A se aandele word deur 'n trust gehou (eintlik is dit dan nie meer sy aandele nie, ons hou maar by die gewone – verkeerde! – manier van praat ter verduideliking), dan kan die trust 'n polis uitneem op die lewe van B wat wel vrygestel sal wees. Maar as B 'n polis op die lewe van A uitneem, sal dit nie vrygestel wees nie, omdat A nie die aandeelhouer is nie, maar die trust.

Lesers moet lig loop vir mites oor boedelbelasting.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Hulp met Kleinsake, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*